N13/1/AXAFR/SP1/AFR/TZ0/XX

88130003

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A: LITERATURE – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A : LITTÉRATURE – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKÁANS A: LITERATURA – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Friday 8 November 2013 (morning)
Vendredi 8 novembre 2013 (matin)
Viernes 8 de noviembre de 2013 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a guided literary analysis on one passage only. In your answer you must address both of the guiding questions provided.
- The maximum mark for this examination paper is *[20 marks]*.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez une analyse littéraire dirigée d'un seul des passages. Les deux questions d'orientation fournies doivent être traitées dans votre réponse.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est *[20 points]*.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un análisis literario guiado sobre un solo pasaje. Debe abordar las dos preguntas de orientación en su respuesta.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es *[20 puntos]*.


© International Baccalaureate Organization 2013

https://xtremepape.rs/

*Skryf 'n gerigte literêre analise van slegs* ***een*** *passasie. In jou antwoord moet jy beide die voorsiene rigtinggewende vrae aanspreek.*

**1.**

**Terugkeer van 'n soldaat**

Die trein fluit agter die eerste bult. Sy haal 'n kantsakdoekie uit haar mou en hou dit tussen haar vingers. Dan staan sy op en gaan tot sewe tree van die spoorlyne af.

Die honderd en vyftigste keer.

Die trein raas nader en nader. Ek wil skree van pyn, want ek is die stawe waarop hy loop. As sy net wil huil – net een traan. Sy wat nooit huil of twyfel of dink nie. Een oomblik sonder blinde geloof en ek is vry.

Die trein donder by die sinjaal verby.

Sy vat die kantsakdoekie tussen twee vingers en wuif.

Net een traan, dan is ek verlos.

Die trein fluit lank en skel, storm deur die stasie, anderkant uit en weg …

Haar arm staan in die lug, die kantsakdoek hang slap tussen haar vingers. Sy kyk die trein verwonderd agterna. Daar is nie 'n mens op die stasie nie.

Sy skud haar kop. "Jy laat ook nooit weet nie, Carolus."

Ek wag op 'n traan. Ek wil self 'n brand agter haar oë word.

Die stasievoorman kom tel 'n pakkie op wat uit die kondukteurswa gegooi is.

"Waarom het die trein nie stilgehou nie?" vra sy.

"Daar was niemand wat hier wou afklim nie."

Ek probeer die stasievoorman te bereik: "Sê vir haar sy moet my verlos. Sê vir haar …"

"Waarom sien ek nie soldate op die trein nie?" vra sy.

"Die oorlog is mos lankal verby," antwoord hy half onverskillig.

Ek skree vir die voorman: "Laat haar huil asseblief!"

Hy vat aan sy neus. Die koms van haar elke Woensdag krap lankal aan sy senuwees.

Ek roep by sy hart in: "Sê vir haar ek het gesneuwel – ek is honderd en vyftig weke al dood."

Sy glimlag en sê: "Hulle het hom seker nog nodig."

Die voorman se mond wat halfpad oop was, gaan toe.

"Hy sal sommer net opdaag," sê sy. "Jy ken hom nog nie."

Die voorman knik met sy kop.

"Sommer net opdaag. Miskien volgende Woensdag," sê sy en druk die kantsakdoekie terug in haar mou.

Dolf van Niekerk, *Windroos. Verhale deur 10 Sestigers* (1964)

(a) Danksy die geestelike staat van die moeder is nòg die gestorwe seun, nòg die gemeenskap is in staat om die tragedie van die seun se dood te verwerk en af te sluit. Kan jy uitbrei op die waarneming met verwysing na die uittreksel as geheel.

(b) Bespreek die wyse waarop die verteller se gesigspunt benut word ten einde by te dra tot die patos inherent aan die vertelling.



https://xtremepape.rs/

**2.**

**Briewe 1966**

die nag is droewig en ek is hier om die lewe te slyt
om job te lees en kitare te speel
om vrae te beantwoord: van watter goosens is jy
om op reënerige aande pannekoek te eet
om in wintermaande griep te kry
om op plase te kuier en soms melancholies te word
as houtvure brand en iemand op 'n bekfluitjie speel
om vriendskappe te sluit en om jammer te voel vir bruinmense
om skulpe te versamel en om later valstande te kry
om nagmaal te drink en om snags sigarette te rook
om gedigte te maak en na bach te luister

om voornemens te hê
om papawers te pluk en iemand net die beste toe te wens
of, van harte geluk
om briewe huis toe te skryf en om te probeer hoe my ma lyk

om wors te braai: vet spikkels salpeter
(elke dag stap diere verslae slagpale toe en daar is droogte in die land)
om dokumente te teken en lief te hê al werk dit nooit uit nie
om muntstukke in gleufies te laat klêk: go man go
om parkiete te leer praat
om aan te teel en vrot plekke uit appels te sny
om tot 'n pensioenfonds by te dra – veel later 'n oorsese reis
(parys, die chamber of horrors en die alpe)

ek is hier om die lewe te slyt
om job te lees: die mens is uit die vrou gebore, is kort van dae en
sat van onrus

Jeanne Goosen, *'n Uil vlieg weg* (1971)

(a) Watter filosofiese ingesteldheid word gereflekteer in die gedig?

(b) Hoe gebruik die digter sekere besonderhede in die gedig om haar gevoelens en gedagtes vir die leser voor die gees te roep?



https://xtremepape.rs/